Nederduitse Gereformeerde Kerk
ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD
Algemene Sinode

Voorsitter
Ds Roelf Opperman

Bestuurder
Dr Dewyk Ungerer

www.ngkerk.org.za

Posbus 13528
Hatfield, 0028

Tel: 012 342 0092
Faks: (012) 342 0370

E-pos:
bevoegdheid@ngkerk.org.za
abr@ngkerk.org.za

10 April 2018

JAARLIKSE AANMELDING 2018

1. INLEIDING

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) hanteer alle aangeleenthede wat gelegitimeerdes raak. Dit sluit in die legitimasie (toetrede), instandhouding van bevoegheid asook die administrasie wanneer ’n gelegitimeerde bevoegdheid verloor.

Verder is die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) as Subtaakspan van die Algemene Taakspan vir Predikantesake ook verantwoordelik vir die jaarlikse aanmelding, heffing van die jaarlikse registrasiefooie, bevoegdheidsnavrae, adviese oor aansoeke tot hertoelating tot die bediening asook die administrasie van die voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO). Die ABR hou ook die databasis van alle gelegitimeerdes in stand en voorsien jaarliks die jongste inligting tot sy beskikking aan die JAARBOEK vir publikasie.

Hiermee saam ontvang u ook die volgende dokumentasie wat help dat ons oor u jongste kontakbesonderhede en biografiese inligting beskik asook die jaarlikse aanmeldingsvorm en registrasiefooie

2. JAARLIKSE AANMELDING EN REGISTRASIEFOOIE

2.1 ABR- BIOGRAFIESE INLIGTING (Hierdie inligting kom voor aan die einde van hierdie dokument.)

Volgens ons rekords beskik ons tans oor die volgende biografiese inligting op die databasis. Ons stuur die inligting aan u maar is terdeë bewus daarvan dat dit onvolledig of foutief mag wees of intussen moontlik kon verander het. Daarom versoek ons u om alle veranderinge, byvoegings en verbeterings aan te bring deur te “Reply” op hierdie epos. Gebruik asb in alle korrespondensie u **8 karakter ABR-kode (sonder enige spasies) bv ABCDE001** en voeg dit altyd eerste in die “subject line” bv ABCDE001 - 2018 Aanmelding

2.2 BEVOEGDHEIDSTABELLE (Bylaag A)

Om u te help met die bepaling van u bevoegdheidskode, heg ons weer die tabel vir u aan. Neem ook kennis dat u bevoegdheidskode asook registrasiefooi bepaal word aan die hand van u jaarlikse situasie op 1 April. Dit beteken bv dat as u op1 April van die betrokke jaar oor die bevoegdheid van

predikant beskik, u daarvoor aanmeld en word u registrasiegelde dienooreenkomstig ook bepaal. Al sou u situasie gedurende die jaar verander (bv beroeping, emeritaat, ens), word u registrasiefooi steeds bereken volgens u bevoegdheid soos dit was op 1 April van daardie bepaalde jaar.

2.3 EMERITI

Emeriti wat in geen betrekking is nie (Kategorie C02) moet ook jaarliks aanmeld deur hulle biografiese data te kontroleer en aan die ABR-kantoor terug te stuur. Alhoewel diesulkes steeds jaarliks moet aanmeld, is daar geen registrasiefooi van toepassing en ontvang hulle ook geen faktuur en/of rekeningstaat nie.

2.4 GETUIGSKRIF (Bylaag B)

Hierdie gedeelte is slegs van toepassing op proponente, emeriti en leraars in kategorie A09. Aangesien u as beroepbare predikant/proponent/emeritus nie in diens van die kerkverband (gemeente of breër verband) is nie, vereis die ABR dat alle persone wat oor bevoegdheid (volle ampsbevoegdheid en/of proponentsbevoegdheid) wil beskik,tot ouderdom 70 jaar, jaarliks saam met die registrasievorm ook ‘n getuigskrif moet indien. Riglyne vir die getuigskrif word hierby aangeheg.

3. JAARLIKSE AANMELDING EN REGISTRASIEFOOIE

Graag wys ons elke gelegitimeerde op die volgende bepaling in die Kerkorde 2015 (wat reeds vir ’n geruime tyd deel is van die bepalings wat deur die Algemene Sinode goedgekeur is).

Reglement 11
13.1 Benewens alle ander bepalings, moet elke persoon wat oor bevoegdheid beskik en dit wil behou, jaarliks vóór 31 Maart op die verlangde wyse by die Algemene Steunspan Predikantesake aanmeld. Elke aanmelding moet vergesel wees van die betaling van die voorgeskrewe registrasiefooi soos deur die Bedryfspan van die Algemene Sinode jaarliks vasgestel.

Te same met u jaarlikse aanmelding ontvang u ook ’n rekeningstaat vir u jaarlikse registrasiefooie. Vir die jaar 2018-2019 het die Bedryfspan besluit om die jaarlikse registrasiefooie afwaarts aan te pas en beloop dit die bedag van R 450-00 (vier honderd en vyftig Rand) vir hierdie jaar vir gelegitimeerdes met predikantsbevoegdheid (sien die bevoegdheidstabelle).

Alhoewel die bepaling verwys na 31 Maart jaarliks versoek die ABR Kantoor dat alle gelegitimeerdes hulle jaarlikse registrasiefooie nie later as 31 Mei 2018 aan die kantoor oorbetaal nie. Indien u rekening ’n debietsaldo toon, versoek ons asb om dit so spoedig moontlik op datum te bring, asook die nuwe jaar se fooi oor te betaal.

LET VERAL OP REKENINGSTAAT

Ons het oorgeskakel na Pastel ter wille van eenvormigheid in die Algemene Sinodale Kantoor. Dit het meegebring dat op die rekeningstate daar ’n klein wysiging plaasgevind het. Alhoewel elke gelegitimeerde se ABR kode dieselfde bly (**8 karakter kode bv. ABCDE001**) verander dit op die rekeningstaat na **6 karakter kode bv. ABC001**.

Maak asseblief seker dat u die verkorte 6 Karakter kode gebruik vir betaling.

4. WANNEER REGISTREER EN BETAAL GELEGITIMEERDES

Ons het die datum bepaal tot en met 31 Mei 2018.

5. ENIGE VERANDERINGE GEDURENDE DIE JAAR

Indien daar enige verandering in u persoonlike omstandighede gedurende die jaar sou plaasvind, versoek ons u om onmiddellik met die ABR-kantoor in verbinding te tree.

Sou u adres, e-pos, kontrakbesonderhede, standplaas ens gedurende die jaar verander, stuur die wysiging dadelik aan:

Vir aandag: Annari du Plessis
E-pos: Bevoegdheid@ngkerk.org.za
Tel: 012 342 0092
Faks: 012 342 0380

BYLAAG A

2018 ABR-BEVOEGDHEIDSTABEL

A LERAAR MET VOLLE AMPSBEVOEGDHEID		
A01	**Predikant** (voltyds gekoppel aan ‘n gemeente)	**R450.00**
A02	**Tentmaker** (gekoppel aan ‘n gemeente)	**R450.00**
A03	**Vaste termynpos** (gekoppel aan ‘n gemeente)	**R450.00**
A04	**Voltydse Kapelaan**	**R450.00**
A05	**Dosent** (**NG Kerk** Teologiese betrekking)	**R450.00**
A06	**Dosent** (**Ander** Teologiese betrekking wat gekoppel is aan gemeente)	**R450.00**
A07	Persoon met volle ampsbevoegdheid in ander **kerklike** betrekking bv **Bybelgenootskap/Kinderhuise/Sinodale poste**	**R450.00**
A09	A09 Beroepbare predikante wat bevoegdheid behou het na verlof van die **ABR (in ander betrekkings**) ***(*sien nota insake getuigskrif)***	**R50.00**
B BEROEPBARE PERSONE MET PROPONENTSBEVOEGDHEID		
B01	Proponent (in **voltydse kerklike** betrekking) ***(*sien nota insake getuigskrif)***	**R50.00**
B02	Proponent (in **deeltydse/tydelike** kerklike betrekking) ***(*sien nota insake getuigskrif)***	**R50.00**
B03	Proponent (in **geen** kerklike betrekking nie) ***(*sien nota insake getuigskrif)***	**R50.00**
C EMERITUS		
C01	Emeritus – werksaam in gemeente	**R450.00**
C02	Emeritus (**nie gekoppel of werksaam in ‘n gemeente nie**) *Al is geen registrasiegeld betaalbaar nie moet die persoon nog steeds jaarliks registreer om ampsbevoegdheid te behou.* ***(*sien nota insake getuigskrif tot en met ouderdom 70 jaar)***	**Geen**
D BEPERKTE BEVOEGDHEID		
D01	Leraar met Beperkte predikantsbevoegdheid (vgl Alg Sinode funksionele besluit 17)	**R250.00**
E UITGETREDE LERAARS		
E01	Persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is maar bevoegdheid as Bedienaar van die Woord verloor het, hetsy deur bedanking of ‘n kerklike tugproses	**Geen**
E02	Persone wat deur die NG Kerk gelegitimeer is maar in diens van ander Christelike kerke getree het.	**Geen**
F OORLEDE		
F01	Oorlede	**Geen**

BYLAAG B

RIGLYNE VAN GETUIGSKRIF VAN KERKRADE AANGAANDE PROPONENTE\(Kode B01-03) / BEROEPBARE PREDIKANTE (Kode A09) EN EMERITI (Kode C02)

Beroepbare Predikante/Proponente en Emeriti (C02) moet jaarliks hulle kerkrade versoek om 'n kort getuigskrif aan hulle uit te reik wat saam met hulle registrasie-aanmeldings aan die ABR besorg moet word.

Die volgende moet in so 'n getuigskrif verwoord word:

1. Dit moet 'n getuigskrif wees wat deur die Kerkraad hanteer en goedgekeur is.
2. Die getuigskrif moet op die briefhoof van die Gemeente wees met die datum wanneer die betrokke kerkraad die getuigskrif goedgekeur het. Dit moet onderteken word deur die voorsitter en skriba van die Kerkraad.
3. Inhoudelik moet die getuigskrif die volgende inligting bevat:
3.1 Bevestig lidmaatskap by die gemeente.
3.2 Getuienis oor die persoon se betrokkenheid in die gemeente.
3.3 Getuienis oor die persoon se belydenis van die kerklike leer en sy/haar verbondenheid daaraan.
4. Getuigskrifte word slegs verwag van gelegitimeerdes tot op die ouderdom van 70 jaar wat steeds hulle bevoegdheid wil behou.

GEMEENTEGESKIEDENIS EN AKADEMIESE KWALIFIKASIES

Neem asseblief kennis dat elke leraar se gemeentegeskiedenis aangepas en gestandaardiseer is sodat dit volledig en korrek in die Jaarboek opgeneem kan word. Kontroleer asseblief u gemeentegeskiedenis vanaf u datum van ordening (u eerste gemeente).

Kontroleer asseblief ook u akademiese kwalifikasies en bring veranderinge en byvoegings aan indien nodig.

BIOGRAFIESE INLIGTING WAT ASB GEKONTROLLEER MOET WORD

Indien daar enige foute/veranderinge/byvoegings is wat u wil aanbring, doen dit asseblief deur te "*Reply*" op hierdie epos. Gebruik in alle korrespondensie u **8 karakter ABR-kode (sonder enige spasies) bv ABCDE001** en voeg dit altyd eerste in die "*subject line*" bv ABCDE001 2018 Aanmelding.

Vriendelike Groete
Déwyk Ungerer
Bestuurder: ABR
Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk
Posbus 13528, Hatfield, 0028
Tel: +27 (12) 342 0092
Faks: +27 (12) 342 0380
E-Pos: bevoegdheid@ngkerk.org.za